

Toe Kleinspan en Jongspan nog meer as net woorde was:



'n bestekopname van Afrikaanse jeugtydskrifte

DR FRANCOIS VERSTER

Korrespondent

Vandag se kinders ...! Hoe baie het kinders van alle tye nie daardie woorde aangehoor, oë gerol en gesug nie? Feit is, sommige dinge verander nie, maar ander tog wel. Soos kinders se tydverdryf. Tolgooi, albasterskiet, rekspring en selfs popspeel maak plek vir blinkswart elektroniese platgoetertjies met kort vreemde naampies. Altans, vir mense wat twintig jaar en langer gelede nog kinders was. En dis hoe oud jy moet wees om te onthou wat *Jongspan*, *Patrys* en *Vonk* beteken, asook 'n halfdosyn ander name van Afrikaanse kindertydskrifte.

Volgens **Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers** (W.D. Beukes, red., 1992), het 'alles begin in 1925 met die los bylae, *Die Kleinspan*, 'n voortsetting van die *Kinderhoekie* in *Die Huisgenoot*' (blykbaar MER se breinkind). Hier word verwys na die 'weifeling tussen lering en vermaak' wat ook by ander jeugblaaië waargeneem kon word: die resep vir sukses kan skynbaar aan die Kruger-miljoene gelykgestel word – niemand weet of daar so iets is/was nie.

Miskien die bobaas van al ons kinder- en jeugblaaië was *Die Jongspan*, wat in 1936 ontstaan het en in 1969 gevou het. Die blad was eers deel van *Die Kleinspan* en het toe die amptelike orgaan van die Voortrekkerbeweging geword. Volgens die eerste redakteur, A.H. Jonker, was die leserstal in 1940 ongeveer 100,000, hoofsaaklik omdat die Voortrekkers en skole dit versprei het. Vandag moet 'n mens die SA Nasionale Biblioteek besoek as jy wil sien hoe dié ou tydskriffies lyk.

Toe ek daar gaan navorsing doen het oor die spotprenttekenaar TO Honiball (1905-1990) om al die *Jakkals en Wolf*-stories te lees het ek in die proses ook ontdek dat Honiball nog reekse getiteld *Die onnutsige apie*, asook *Faan Brand*, 'n reeks oor 'n tienerseun wat tydens die Groot Trek sou geleef het, daarin gehad het. En ek moet erken ek het heelwat tyd verspil aan al die ander stories wat niks met Honiball te doen gehad het nie, soos Tarzan (soms was daar sommer twee verskillende

Tarzan-strokiesreekse deur verskillende tekenaars in dieselfde uitgawes), ridders en drake en allerhande cowboy-stories – hierdie verhale was nie almal vreeslik goed geskryf nie, maar die tekentalente van die illustreerders is meestal uitstekend. Ook kon ek sommige toe nog onthou, en o, die nostalgie: ek hoor sommer hoe kreun Laurika Rauch in die agtergrond ...

Die Jongspan het, tipies van daardie tyd, gepoog om kinders op te voed, soos *Die Huisgenoot*, *Sarie*, *Landbouweekblad* en ander publikasies ook hulle stuivers ingegooi het. Die volk moes lees en die tyd van Langenhoven en MER was aan't verbygaan, so wie moes dit nou laat gebeur? Ja, Audrey Blignault het haar deel gedoen en so ook Rykie van Reenen, Alba Bouwer ... en Honiball. Terwyl *Die Huisgenoot* eers niks van 'Oom Kaspaas' wou hoor nie, het *Die Burger* ontdek dat Afrikaners ook van strokies hou, as die tema hulle geval. Daarom het Truida Pohl toe vir Honiball gevra om vir *Die Jongspan* 'n *Jakkals en Wolf*-reeks te skep.

Hierdie reeks het vanaf 1942 geloop tot *Die Jongspan* se afsterwe (7 April 1969). In sy plek het 'n mooi volkleur glansblad-tydskrif gekom, genaamd *Vonk* (vanaf 14 April 1969). Weens *Die Huisgenoot* en *Sarie* se sukses met die nuwe drukproses wat volkleurblaaië moontlik gemaak het, was die redaksie van *Vonk* optimisties. Die klem was aanvanklik op verskeidenheid en aktualiteit, nie fiksie nie, maar gou is besef dat vermaak swaarder moes weeg, en sewe 'uitsoekstories' – selfs 'n Disney-strokiesverhaal – is ingevoeg. Tevergeefs, want die blad het skaars 'n jaar gehou.

Tina (vir tienermeisies) het groter spesialisasie gebring: mode, popmusiek, 'n rubriek *Vra vir Tina* en talle strokies was die resep. *Tina* was 'n 'poging om 'n sprong te maak van die konserwatiewe ou plattelandse Afrikanerjeug na die naoorlogse verstedelike Afrikanerjeug', aldus J.J. Spies in **Oor grense heen**. Soos *Vonk*, het *Tina* egter nie ou bene gemaak nie – dit het gou te duur geword om te vervaardig en die prys moes styg. Maar kinders het nie destyds geld gekry met die woorde 'Weg is julle, mall toe' nie. En toe was daar ook al televisie: jy druk 'n

knoppie. Jy staar. Jy koud jou springmielies... Teen 1976 was *Tina* 'gone with the wind', maar nie so onthoubaar soos die gelyknamige flik nie.

Maar kom ons druk gou *rewind*. Tydens my laerskooldae (die sestigs) is tydskrifte by skole versprei en een van dié tydskrifte was *Bollie* (vanaf 1968). Die inhoud was internasionaal, met niks spesifiek Afrikaans nie, behalwe 'n weeklikse rympte deur Alba Bouwer. Van die strokies wat daarin verskyn het, was *Wanda en Pikkie* (feetjie en kabouter), *Manus Marmotjie*, *Pinkie Poenk*, *Die klein olifantjie met die lang slurp* en natuurlik *Bollie* self, en sy konynfamilie – Tant Doortjie, Oom Dik Daan en ander. Later is *Bollie* in *Die Huisgenoot* opgeneem in die kinderafdeling van dié tydskrif.

Ten spyte van *Die Huisgenoot* se aanvanklike afkeer aan 'comics' was daar gou vertaalde strokiesreëse daarin opgeneem, soos ook in Afrikaanse koerante, al was die amptelike houding dat dit 'snertliteratuur' was. Kinders en talle volwassenes het egter gehou van prenteverhale. Tarzan het, byvoorbeeld, periodiek in al Nasionale Pers se blaie voorgekom, asook *Walter die Wonderman* (oorspronklik 'Mandake the magician') en etlike ander. Strokie was waarskynlik die genre wat die meeste in kindertydskrifte voorgekom het.

Maar daar was ook opvoedkundige stukke oor geskiedenis, die wetenskap en dies meer opgeneem, wat 'n definitiewe didaktiese aansien aan die tydskrifte gegee het. Artikels oor, byvoorbeeld, Aristoteles in *Die Jongspan* was so akademies dat min volwassenes dit sou lees. Dieselfde geld vir *Vonk* met artikels oor kernkragsentrales en dies meer. 'n Mens vermoed dis een rede hoekom kinders eerder 'comics' geles het, en later ook fotoverhale soos *Ruiter in swart*, *Saal 10*, *Zarba*, *Arend*, *Mark Condor* en *Tessa*, wat alreeds 'n tree nader aan televisie was. Hoe gewilder dié kompetisie vir kindertydskrifte geraak het, hoe harder het die doodsklokke gelui vir laasgenoemde. *Bollie* het selfs in 1969 met *TV Wonderland* en met sy Engelstalige eweknie *Bunny* (wat van 1970 tot 1972 bestaan het) saamgesmelt in 'n wanhopige poging om te oorleef, maar op 21 April 1981 moes hy groet.

Tot dusver Nasionale Pers se produkte vir die jeug. In April 1953 het die jeugblad *Patrys* verskyn, wat vir meer as 30 jaar bestaan het – dus *Jongspan* se enigste werklike gelyke wat bestaanstyd betref. In die SA Nasionale Biblioteek het ek eksimplare vanaf die eerste een tot November 1984 gevind. Die resep was basies dieselfde as dié van *Jongspan* en *Vonk* – strokies, vervolghverhale, sport en interessantheide, maar die trant was meer modern en daar was later volkleurblaie, met groot foto's van filmsterre soos Tom Selleck en musikante soos Pierre de Charmoy.

Toe ek in die Nasionale Letterkundige Navorsingsinstituut en Museum (Bloemfontein) in 1999 en 2002 gaan navorsing doen het, het ek op 'n tydskrif getiteld *Jeugland* afgekom. Die blad het net agt uitgawes beleef (12 Maart -25 Junie 1947), want dit was baie primitief, met 'Oom Francois' en 'Oom Maurits' as uitgewers. Die verhale was eenvoudig, die artikels prekerig en die strokies amateuragtig, maar darem interessant omdat dit van die heel vroegste Afrikaanse strokies was, meesal deur JH Rabe. *Daan Donsies* en *Hendrik Horrelpoot* en *Kiewiet die Klontjie* tel onder sy skeppings. In die laaste uitgawe pleit Oom Francois (Eybers): 'as elke leser tog net 10 nuwe kopers kan werf...' en siende dat daar (volgens hom) toe 300,000 Afrikaanse skoolkinders was, sou die blad kon voortleef indien net een uit elke 10 aangekeer kon word. Duidelik was sy pleidooie tevergeefs, want *Jeugland* kon net sowel 'Verlore land' geheet het.

Vandag moet 'n mens gaan soek om selfs net die name van kindertydskrifte op te diep. Hoeveel mense weet eens nog hoe hulle gelyk het? Strokieboeke het ontwikkel in grafiese novelles vir volwassenes of word in plastiekomhulsels verpak en teen obsene pryse – vir my wat destyds 10 sent vir 'n *Spiderman* of *Captain America* betaal het – verkoop. Toe was 10 sent nog geld. En 'jongspan' was 'n woord wat 'kinders' én 'n sekere tydskrif beteken het.

As daar onsekerheid is oor hoekom kindertydskrifte uitgesterf het, is daar geen onsekerheid by my oor een ander saak nie: daar sal nooit weer sulke tydskrifte wees nie. Om die waarheid te sê; ek dink nie daar sal ooit weer enige kindertydskrifte wees nie. En dís nogal 'n hartseer saak. Vir dié wat onthou.

In retrospek was tydskrifte soos *Die Jongspan* jarelank die enigste leerskool en afsetgebied vir beginner-skrywers en illustreerders. Name soos WA de Klerk, MER, Louis Leipoldt, PJ Schoeman, Frieda de Villiers, WO Kühne en ID du Plessis is daarin gesien, asook TO Honiball en Gregoire Boonzaier. Vandag is daar darem skryfskole en die Internet vir kreatiewe geeste. En Wikipedia en *Mygeskiedenis.co.za* vir die kinders wat wil leer. Die eksperiment genaamd 'kindertydskrifte' het ons twee dinge geleer: dat jy die opmars van tegnologie nie kan stuit nie en dat jy geen perd kan maak drink nie – laat hy/sy self die regte krip vind.



CL